
# 302 My doopgelofte gaan ek hou




Die Heer is hier met Vlees en Bloed, as God en mens teenwoordig.
Hy is my siel se hoogste goed, my Herder so barmhartig.
Dank, lof en eer aan God, die Heer, vas glo ek wat sy Kerk my leer,
nooit sal ek van haar skei nie.

My Jesus is my steun en hoop op pad deur hierdie lewe.
Sy heilig' Hart staan vir my oop as my gevaar omgewe.
Ek hoop op God in elke nood, sy Kerk bemin ek tot my dood,
nooit wil ek van haar skei nie.

Die Sakrament wil vir my toon God's liefde sonder grense.
My grote God kom in my woon; Hy hoor sy kind se wense.
Dank, liefde, eer aan God, die Heer, wat ook sy Kerk van my begeer,
nooit sal ek van haar skei nie.

Onbekend Onbekend